http://akroterion.journals.ac.za/

# REDAKSIONEEL

Die tweejaarlikse kongres van die Klassieke Vereniging van Suid-Afrika wat in Januarie vanjaar by die Universiteit van die Witwatersrand gehou is, is bygewoon deur 90 afgevaardigdes - die grootste groep klassici en liefhebbers van die klassieke wêreld wat nog ooit vir 'n akademiese kongres in Suid-Afrika byeen was. Baie gepas het Dr. Gerrit Viljoen, 'n ere-President van die Vereniging wat na sy uittrede uit die politiek teruggekeer het na sy eerste liefde, die opmerking gemaak dat, as so 'n groot groep oorwegend jeugdige klassici wat oor so 'n omvattende verskeidenheid temas referate kom lewer, die sterfbed van die Klassieke in Suid-Afrika verteenwoordig, hy graag ook by die opstanding teenwoordig sou wou wees!

Dit is jammer dat nie meer van die sowat 174 volle lede, 82 assessorlede en 28 studentelede van die Vereniging die kongres kon bywoon nie: nie alleen is die akademiese uitruiling van gedagtes (en ongetwyfeld ook die sosiale kontak) met gewaardeerde kollegas van ander universiteite en skole uiters waardevol en inspirerend nie, maar 'n belangrike funksie van die kongres is die hou van 'n besigheidsvergadering waartydens jaarverslae gelewer word en verskeie administratiewe, organisatoriese en veral konstitusionele aangeleenthede behandel word. Baie van die Vereniging se lede kon dus nie van hierdie besprekings kennis neem nie.

As Tesourier van die Vereniging wat saam met veral die Sekretaris dikwels navrae oor verskeie van hierdie aspekte moet hanteer, gebruik ek graag hierdie geleentheid om enkele sake wat tydens die besigheidsvergadering ter sprake gekom het, onder *Akroterion*-lesers se aandag te bring.

## 1. DOEL

Die Vereniging, wat geaffilieer is by die Internasionale Federasie van Klassieke Verenigings (FIEC) "streef daarna en oorweeg van tyd tot tyd die beste middele om:

(a) die wetenskaplike beoefening, kennis en waardering van die Klassieke in Suid-Afrika te bevorder; en

(b) vakverkeer en vakvriendskap tussen die liefhebbers van die Klassieke in Suid-Afrika tot stand te bring en aan te help" (par. 2 van die konstitusie).

## 2. INKOMSTE EN UITGAWES

Die ledegeld wat van toepassing is op die onderskeie kategorieë lede word tweejaarliks deur die kongres bepaal, maar mag deur die Hoofbestuur aangepas word vir die jaar wat die kongres voorafgaan. Inkomste wat uit ledegeld ingevorder word, word - afgesien van administratiewe uitgawes - hoofsaaklik op drie maniere bestee:

(a) **Subsidie aan Streekstakke**

Streekstakke van die Vereniging ontvang 15% van die ledegeld wat van die lede van die betrokke Streekstak ingevorder is.

(b) **Publikasies**

Afgesien van die *ad hoc*-steun aan kleiner periodieke publikasies, is die Vereniging verantwoordelik vir die publikasie van die amptelike tydskrif, *Acta Classica*, wat

jaarliks aan alle *volle* lede beskikbaar gestel word, en subsidieer ook *Akroterion* wat aan alle *ingeskrewe* lede van die Vereniging gestuur word.

(c) **Projekte**

Gedurende die afgelope paar jaar het die Vereniging (benewens ander kleiner projekte) belangrike finansiële steun gegee aan veral twee projekte wat ten nouste aansluit by die doel van die Vereniging:

Die tweejaarlikse Latynse Olimpiade (*Certamen Latinum*) vir hoërskool-leerlinge word vanjaar reeds die tweede keer landswyd aangebied nadat dit 4 jaar gelede slegs op streeksvlak in die Wes-Kaap 'n beskeie begin gemaak het, maar dadelik die verbeelding en geesdrif van onderwysers en leerlinge aangegryp het.

In samewerking met die Universiteit van Pretoria en met die steun van die Transvaalse Onderwysdepartement word Latyn in Pretoria nou gedurende skooltyd aan laerskoolleerlinge aangebied. Junior leerlinge aan hoërskole wat nie Latyn as vak aanbied nie, word ook by die projek betrek. Die sukses van hierdie *Schola Latina* was so ongekend dat Latyn nou - op aandrang van die ouergemeenskappe - weer aangebied word by sekere skole wat dit afgeskaf het.

## 3. LIDMAATSKAP

Op die oomblik bepaal par. 3(a) van die konstitusie:

> "As volle lede kan toetree universiteitsdosente in die Klassieke, onderwysers in Grieks en/of Latyn aan middelbare skole en belangstellendes wat ten minste 'n hoofvakkursus in Grieks en/of Latyn en/of Klassieke Kultuur en/of Antieke Geskiedenis aan 'n universiteit met sukses voltooi het. Belangstellende persone wat nie genoemde kwalifikasies het nie, mag deur twee lede benoem word en die benoeming moet deur die Hoofbestuur oorweeg word."

Hierdie bepaling is reeds by 'n vorige kongres bespreek maar selfs nadat dit vanjaar 'n tweede keer ter tafel gelê is, kon afgevaardigdes nie finaal besluit oor 'n voorgestelde wysiging wat sal lui dat *almal* as lede kan toetree wat "belangstel in die Grieks-Romeinse beskawing en wat die doel van die Vereniging ondersteun" nie. Die enigste onderskeid tussen volle lede en ander lede sal dan wees dat slegs volle lede op algemene vergaderings stemreg sal hê en tot die Hoofbestuur verkies mag word.

Dit is uiteraard 'n belangrike beginsel waaroor die volgende kongres uitsluitsel sal moet gee omdat dit in 'n mate 'n invloed op die ledetal van die Vereniging kan hê. Daarom is dit belangrik dat lede nou reeds - ook op die bestuursvlak van die Streekstakke - hieroor sal begin besin.

## 4. VOLGENDE KONGRES

Alle lede word nou reeds hartlik uitgenooi na die volgende kongres wat in Januarie 1995 sal plaasvind by die Universiteit van die Oranje Vrystaat in Bloemfontein. Die hooftema van die kongres sal wees "Author and Audience". Ons sien u graag daar!

J.C. Zietsman